



KAMMANUUS

Nommer 310

1 Augustus 2011

'n Publikasie van Onsdorp.com



TOULEIER

Die Lapkoppe gaan vas, en ons eet ons blinkvet

Dis volgende week die begin van heilige maand van Ramadan hier in die Mirrel Ooste. Dit beteken halfdag werk vir 'n maand. Voel amper asof mens terug is in Duskantland, of werk julle deesdae harder daai kant om die soustrog vol te hou?

Soos ek laas jaar rapporteer het, word daar statisties meer kos verorber gedurende Ramadan as in enige ander maand van die jaar.

Ek is nogal goed op my plek gesit deur 'n Moslem-kollega van Libanon, wat my daarop gewys het dat ek verkeerdelik die streep probeer trek tussen vas en dieet. Hy verduidelik dat gewigsverlies niks met die vasproses te doen het nie, wat natuurlik heeltemal korrek is.

Verder vertel hy dat die spesiale Ramadan-rituele volgens hom, juis só ontwerp is dat al die knielery en opstanery met die bid jou lekker fiks behoort te hou. As 'n mens daarna net nie weer eenvoudig voor die TV sal gaan lê of jou oorhoeks vreet nie. Maar, soos ons weet, word daar vir die vale deur die nag geëet om op te maak vir die vas tussen sonsopkoms en sononder.

Van eet gepraat, loop kuier ek en Kamermaatjie toe mos nou die aand vir 'n klompie Saners om as 'slagoffers' en proefkonyne op te tree vir aspirantkok Leon Rost se kookeksperimente. Het ons nou lekker gekuier nie, en kan hierdie stadsbeplanner kosmaak! Gaan kyk maar op Vuisboek na sy wortelkoek- en beskuitbak-foto's.

PROBLEME MET SANDLAND SE TAAL

Een van Leon en Haas se maatjies, Pierre, vertel van toe hy die eerste dag hier in Katar aangekom het en hoe onvoorbereid hy was vir wat 'n mens hier kan oorkom.

Daar was wel iemand by die lughawe met sy naam op 'n bordjie, maar dis waar sy kontak met die bekende geëindig het. Hy is na 'n hotel in die stad geneem waar hy ingeboek is. By ontvangs het hy 'n briefie gekry dat hy oor 'n paar uur weer opgetel sal word om na sy nuwe werk geneem te word.

So wag hy toe in die portaal op die gegewe tyd en daag daar so 'n lang, swart streklimo op en hy klim. Kierts is hy terug op die lughawe en wil die manne hê hy moet weer vliegtuig vat.

Hy spartel en soebat, maar die taal is vreemd en die lapkopmanne wil niks weet nie. Uiteindelik kry hy iemand wat darem sy Engels in Arabies kan vertaal, en kom hulle agter hy het in die verkeerde motor geklim. Die klomp los hom toe net daar.

Hy besluit toe om maar te probeer voetslaan na 'n hotel wat se naam hy nie kon onthou nie en waarvan hy die ligging nie ken nie.

Gou kap die woestynhitte hom en besef hy, hier vrek hy as hy moet stap. Gelukkig het hy darem vroeër op die lughawe van sy dollars vir real verruil. Hy klim toe maar in een van die ligblou huurmotors van Doha en beduie vir die bestuurder sy penarie. So begin hulle soek. En die meter loop. Die ergste van alles is dat baie van die strate van Doha nie reguit is nie, maar in wye sirkels uitgelê is. 'n Mens kan dus nie rigting hou nie. Net voor die meter sy geld verbysteek, herken hy sy hotel.

Pierre wonder vandag nog wat sou gebeur het as sy geld opgeraak het voor hy sy hotel gekry het.

ONS YADE-FONDS VIR ONS OU MENSIES

Onsdorper Wikus Joubert het toe ingespring en YADE gehelp met die skenking van R1000 vir daardie duisend stene waarmee hulle ekstra kamers kan aanbou vir ons ou menses. Banie Bouwer, wat die bouwerk gaan doen, het ook sommer by Onsdorp aangesluit!

Ons YADE-fonds staan reeds weer op R1000 nadat ons laas alles oorbetal het om te help met die nood. Dit maak mens trots om met julle klomp Kammalanders vereenselwig te wees. 'n Baie diep dankie aan almal wat steeds bydra. Die rekening se besonderhede verskyn op BLADSY 8 vir dié wat nog wil skenk.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Om die kampvuur

Manne, is jul vrou op een dag:



Borrelend gelukkig?



Skoon betjoins?



Erg beswaard?



In 'n stout bui?



Die reine onskuld?



Jammer vir haarsel?



Moeg en uitgeput?



Erg huilerig?



Totaal depressief?



Heeltemal #@&^&?

Mooi, dan het jy 'n normale en opregte vrou gekry.

As jou vrou nie so is nie, is ek jammer om jou mee te deel:

Dan is jy met 'n man getroud.

Stuur dit aan jou pelle en stel hulle gerus!

HOE GOED REKEN JY?

Hierdie som moet sonder 'n sompompie gedoen word. Tel die getalle in jou kop saam. Jy mag ook nie potlood of papier gebruik nie:

Vat 1000 en tel 40 by. Tel 1000 by, en tel dan 30 by. Tel nog 1000 by, en dan 20. Tel nou nog 1000 by, en tel 10 by.

Hoeveel kry jy?

Kyk onderaan hierdie bladsy vir die regte antwoord.

JA, ek IS 'n senior burger!



Ek is die siel van die partytjie - selfs al hou dit saans tot agtuur aan.

- Ek stel gewoonlik meer daarin belang om huis toe te gaan voordat ek by die plek kom waar ek moet wees.
- Ek is wakker lank voordat my liggaam my toelaat om op te staan.
- Ek glimlag heelyd omdat ek nie kan hoor wat jy sê nie.
- Ek is 'n goeie storieverteller. Ek vertel hulle oor en oor.
- Ek is nie regtig 'n knorpot nie. Ek hou net nie van verkeer of toustaan, skares mense, prokureurs, stout kinders, harde musiek, blaffende honde, politici en 'n paar ander dinge wat my nou ontgaan het nie.
- Ek is seker al my besitting is veilig, waar hulle ook al is.
- Ek is vol plooië, uitgesak en klonterig - en dis net my linkerbeen.
- Ek is ook 'n biblioteek van kennis . . . ek het net die deur se sleutel verloor.

Hoekom is dit só?

Dis dalk nie heeltemal waar nie, maar nogtans interessant:

V: Hoekom sit mansklere se knope regs en vroue s'n links?

A: Toe knope mode geword het, was hulle baie duur en hoofsaaklik vir die rykes. Omdat verreweg die meeste mense (sowat 93%) regs is, is dit makliker om knope wat regs sit deur gaatjies aan die linkerkant te steek. Omdat ryk vroue deur lyfbediendes aangetrek is, is die knope aan die bediende se regerkant geplaas.

Dit het nog nie verander nie.

ANTWOORD

Kry jy 'n totaal van 5000?

Die korrekte antwoord is 4100.



Duskantland in Anderkantland

Nuttige woorde in Oz

IRENE DE BRUYN is 'n Suid-Afrikaner in Australië wat ontdek het hoeveel Afrikaanse woorde 'n ding beter raakvat as die Engels.

Although I am now living in Australia, where English is the prevalent language, I still find myself using Afrikaans words and expressions, either because there are just no equivalents in English, or the Afrikaans version is so much more pithy.

Often the Australians I speak to are intrigued by the words and find them expressive, even when I give them a censored translation of their meaning. (It depends on the company).

One of these delicious words is **gril**. It almost makes you shiver to say it. There's no concise English equivalent - "puts my teeth on edge" is about the nearest, and how cumbersome it is.

How do you explain the word **sommer** to an Australian? (Or to anyone else, for that matter). It's not only a foreign word, it's a foreign concept. Perhaps the English never do anything "just sommer". But when I've explained it, it's been adopted enthusiastically here. Although there's no Australian equivalent either, they take to the idea of it. "Why are you laughing? Just sommer."

"**Bakkie** is another one of those useful "portmanteau" words (see - English doesn't have a word for that either). Very useful around the house, for all sizes and shapes of containers and dishes. Also used for what they call "utes" here. I find it an indispensable word.

There's no good English word for **dwaal**. It doesn't mean dream, or daze. It's close to absent-mindedness, but that's not quite it. Being in one so often myself, I'm not likely to stop using it.

I think **gogga** is the most delightful word for insect I've ever heard. Children all over the world should use it. "Insect" just doesn't stand a chance.

And I think **moffie** is a far better word than all those embarrassed English attempts at defining a homosexual: gay, queer, poofter, etc. aren't half as expressive. Somehow "moffie" doesn't sound as derogatory either.

And then there's **gatvol**. OK, I know it's very rude. But it's so expressive, nè? "Fed-u" doesn't have half the impact. It's like blancmange in comparison. **Gatvol** is a word used more frequently than ever in the workplace these days, with increasing intensity.

While we're on the subject, another phrase which outstrips any English attempt is **Hy sal sy gat sien**. "He'll get his come-uppance" is like milque toast in comparison. It definitely lacks the relish.

Donder is another very useful word, used as an all-purpose swearword, which again has no good English translation. Used as a verb, it can express any degree of roughing up. As a noun, it is a pejorative, as they politely say in dictionaries, to mean whatever you want it to mean. And there's no good translation for **skiet-en-donder** (and **snot-en-trane** - Kammanuus)

It says something about the English that they have no word for **jol**. Probably the dictionary compilers regard it as slang, but it's widely used for "Going out on the town, kicking up your heels, enjoying yourself..."

(See, there's no English translation) Although curiously, the word "Yule" in Yuletide is related to **jol** and derived from Old English. So somewhere along the line, the English forgot how to **jol**.

I've yet to meet a South African over the age of two who doesn't use the word **muti**. Translation is impossible - "witches potion" or the pedantic "medication". It needs a long cultural historical explanation.

And of course, my personal favourite **kak en betaal**, which just says it all, doesn't it? A bland and effete English translation would be "cough and pay", or "breathe and pay". But it just doesn't cut it, does it? Not by a long drop.

POST SCRIPT, These are wonderful. Other words that come to mind: **jou bliksem, wag 'n bietjie, nie so haastig nie, just now, sakkie-sakkie music, ou swaer, ja, nee**. How do you explain the passion of **lekker**? Last night was **sommer a lekker jol**.

Ons hoor graag as daar ander Duskantlanders is wat Afrikaanse woorde tot hul vriende se woordeskat toegevoeg het.

Skryf aan pos@onsdorp.com



Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Sokker in bikini's

'N **VROUE-SOKKERSPAN** wat op die rand van bankrotskap staan hoop om die skare vir hul volgende wedstryd te trek. Hulle gaan in bikini's speel.

Die lede van FC Rossijanka, die span van Krasnoarmejsk, naby Moskou, het reeds hul vooraf-publisiteit gemaak en foto's geneem om die wedstryd te adverteer.



"Ons is die beste vrouespan in Rusland. Ons het al baie titels gewen en selfs ons land in die UEFA-kampioenskap verteenwoordig," het die afrigter, Tatjana Egorowa, gesê.

"Maar mins mense het nog van ons gehoor en ons kry min toeskouers. Ons hoop ons innovering sal meer kaartjies verkoop. Ons dink dis 'n goeie idee - ons spelers is pragtig, goeie atlete en vasberade om te wen."

Vinnige feite oor Ysland

VROUE van Ysland neem nie hul man se familienaam aan as hulle trou nie, hoofsaaklik omdat die man nie een het nie.

Omdat hulle nie vanne het nie, word Yslanders in die telefoongids alfabetiese volgens hul eerste name gerangskik.

Daarom is dit onvanpas om hulle as mnr., mev. of mej. of me. aan te spreek. Amper alle Yslanders gebruik mekaar se eerste name, selfs wanneer hulle die president aanspreek. Die Yslandse taal word in die land en deur uitgewekenes in Skandinawië en Noord-Amerika gepraat. Die taal is baie soortgelyk aan die Noorse taal van duisend jaar gelede.

Daar is sowat 270,000 mense in Ysland. Ongeveer die helfte woon in die hoofstad, Reykjavik, en sy voorstede. Ysland is ook die wêreld se oudste demokrasie. Sy parlement het ongeveer duisend jaar gelede tot stand gekom.

'n Onlangse meningsopname het getoon dat Yslanders meer tevrede met hul lewens is as enige ander land in Europa. Die land het geen weermag, vloot of lugmag nie, maar wel 'n kuswag.

Miere se geheim

WETENSKAPLIKES weet nou waarom miere so 'n meedoënlose en suksesvolle spesie is: Hulle het die vermoë om kennis oor te dra.

Hulle het bevind dat jong miere deur die oueres "geleer" word waar om kos te vind. Dit maak van hulle die enigste dierspesie wat van mekaar leer. Diere soos ape en dolfyne leer deur hul ouers na te maak, maar dit word nie as "leer" beskou nie – leer is die tweerigting verhouding tussen 'n instrukteur en 'n leerling.

Wanneer hulle kos soek, loop miere in pare agter mekaar. Die ouer mier talm by sekere landmerke, wat die jonge in staat stel om te leer. As die gaping tussen hulle te groot word, wag die ouer mier vir die jonge om op te vang. Sodra die leerling die roete "geleer" het, tik hy die voorloper se agterpote en abdomen as teken om voort te gaan.

Sonder die leerproses sal die jonges – wat gebore word sonder die instinktiewe gedrag om kos te soek – langer neem om die kuns baas te raak en kan hulle in die nes vrek.

Dís nou volharding!

'N **VAKMAN** van Birmingham het die haas onmoontlike vermag: Hy het die woorde "nothing is impossible" met die hand op die snykant van 'n skeermeslemmetjie geografeer.

Dit het Graham Short (64) drie maande en 150 pogings geneem om dit te vermag. Die resultaat is so klein dat dit netmet 'n 400x-vergroting gesien kan word. Short het snags gewerk om verkeersvibrasies te vermy. Hy het ook sy hartslag gemonitor sodat hy tussen hartslae kon grafeer.

Dis die lewe vir een pond sewe




Op die eerste dag het die Skepper die hond gemaak.
"Jy moet heeldag voor die huis se deur sit en blaf vir alle verbygangers. Hiervoor gee ek jou 'n lewensduur van 20 jaar."
Maar die hond het gesê dis darem 'n lang tyd om te sit en blaf. Hy wil liever 10 jaar teruggee.
Die Skepper het ingestem.



Op die tweede dag is die aap gemaak.
"Jy moet mense vermaak, toertjies uitvoer en hulle laat lag.
Hiervoor kan jy 20 jaar lank leef."
Maar die aap het gevoel dis darem 'n lang tyd - hy wil liever, soos die hond, 10 jaar afslag hê.



Op die derde dag is die koei gemaak.
"Jy moet heeldag in die warm son wei, kalfies in die lewe bring en melk aan die boer lewer - 60 jaar lank."
Maar ook die koei was ontevrede.
"Sestig jaar is darem 'n baie lang tyd. Kan ek nie meer 40 jaar teruggee nie?"
En die Skepper het weer ingestem



Op die vierde dag is die mens gemaak, met die opdrag:
"Eet, slaap, speel en trou en geniet jou lewe. Hiervoor sal jy 20 jaar kry."
Maar die mens het gevoel dis darem 'n glad te kort tydjie.
"Kan ek nie maar die hond en die aap se tien jaar bykry nie? En die koei se veertig jaar? Dit gee my darem tagtig jaar?"
"Goed," was die antwoord, "jy het daarvoor gevra en jy sal dit kry."

Dit is hoekom ons die eerste 20 jaar eet, slaap en die lewe geniet.

Vir die volgende 40 jaar slaaf ons in die son om ons gesinne te onderhou.

Vir die volgende 10 jaar voer ons aapstreke uit om ons kleinkinders te vermaak.

En vir die laaste 10 jaar sit ons op die stoep en blaf vir almal.

Dis die lewe vir jou uitgelê.

Jy hoef ons nie te bedank nie, ons verrig net 'n gratis gemeenskapsdiens.

EVALUASIES

Uit 'n amptelike evaluasieverslag van regeringsamptenare

1. As sy IK 50 haal, sal ek aanbeveel dat hy verkoop.
2. Hy het sy ongebruikte brein aan die wetenskap bemaak.
3. Hy het twee breinselle. Die een het weggeraak en die ander een soek hom.
4. As hy dommer was, sou jy hom twee keer per week moes water gee.
5. Dis moeilik om te glo dat hy 'n miljoen ander spermselle geklop het.
6. Hy het in die genepoel beland toe die lewensredder afwesig was.



Giggels

Merk jou bydrae GIGGELS en pos dit aan pos@onsdorp.com



SLYP HOM, SUSARA!

KORTES

- Kunsmatige intelligensie kan hoegenaamd nie kers vashou by aangebore onnoselheid nie.
- Om jouself lief te hê is die begin van 'n lewenslange verhouding.
- Tyd is 'n illusie. Etenstyd is twee illusies.
- Moet nooit iets tot môre uitstel as jy dit heeltemal kan vermy nie.

AMPER OUD GENOEG

Een Vrydagaand sien 'n polisieman wat by Kiss-Me-Quick geparkeer is. Hy skyn sy flits in die motor in, en sien 'n jong man besig om met sy horlosie te vroetel en 'n jong meisie wat op die agterste sitplek met haar krale speel.

"Verskoon my, Boet, maar hoe oud is julle twee?"

"O," sê die kêrel, "ek is 18 en (hy kyk weer 'n slag na sy horlosie) oor elf minute is sy ook 18."

BLONDIE SOEK WERK

Blondie gaan vir 'n werksonderhoud en die baas vra of sy die verskil tussen 'n potlood en 'n spyker ken.

Sy dink so 'n rukkie voor sy antwoord: "Nee, meneer, ek weet nie. Maar ek weet ek is nog nooit gepotlood nie."

MODERNE KUNS

Julius Malema stap met sy twaalf lyfwagte en 'n sak vol geld by 'n kunswinkel in Sandton in.

Hy het 'n bietjie rondgekyk, en vra toe:

"Is dit nou wat julle wit mense moderne kuns noem?"

"Nee, meneer," sê die assistent.

"Jy is nou besig om in 'n spieël te kyk."

KAARTE IS ANDERS

Ek het 'n vriend wat baie goed is in kaartspeletjies, insluitende poker.

Hy verwed ook gereeld 'n paar rand op die perde, maar sonder sukses. Toe ek hom vra om dit te verklaar, was sy antwoord:

"Man, ek kan nie die perde so lekker soos die kaarte skommel nie."

PERD VAN 'N ANDER KLEUR

'n Perdeteler het 'n vul gehad wat al wat 'n wedren is gewen het. Maar soos sy ouer geword het, was sy al meer temperamenteel.

Hy het gou gevind as die merrie wen as sy in die nag hardloop, maar in die dag heel laaste eindig. Hy het die voorste veeartse en perde-sielkundiges geraadpleeg, maar sonder sukses.

Einde ten laaste het hy haar verkoop omdat sy 'n ware nagmerrie geword het.

VRIENDSKAP

'n Ware vriend is iemand met wie jy ook jou vyande deel.

AGTERDOGTIG

My meisie dink ek agtervolg haar. Wel, sy's nog nie rêrig my meisie nie.

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker





MAKERIEPAS

Stories uit die weermag

'n Ode aan die staaldak (die ondermyner in ons midde)

Hierdie stuk kom van 'n onbekende bydraer af.

Ons was nie bang nie. Ons kon nie seerkry of doodgaan nie. Dit is wat ek geglo het. Was dit dalk nie net 'n manier van breinspoeling gewees nie? Iets wat die weermag ons laat glo het nie. Hieroor het ek baie gewonder.

In my opleidingstydperk is ons nooit geleer hoe om terug te val nie. Dat ons moontlik 'n vuurgeveg kan verloor, is nooit aan ons genoem nie.

"Dash, down, crawl, observe, sights, fire" is in my ingedril dat ek nimmer sal vergeet nie. Wen eers die vuurgeveg, beweeg deur die dodeakker, hergroepeer, konsolideer en die res van die drills is net wat dit was.

Alles was 'n dril. Moenie dink nie, doen net. Vra nie vrae nie. Kyk voor jou, die army sal agter jou kyk. Hoewel hulle geregtig is om 5% af te skryf teen opleiding sal niks met jou gebeur nie.

Die feit dat 5% van die troepe afgeskryf mag word, word ook nie aan jou genoem nie. Afskryf in die weermag se boeke het daardie tyd beteken dood huis toe gaan.

Dit is daardie geloof en skitterende opleiding gepaardgaande met yserse dissipline wat ons van die beste soldate in die wêreld gemaak het. Eintlik moes ons nog kinders wees wat hulle besig gehou met die dinge van 'n kind, maar ewe skielik word ons in hierdie *mean killing machines* verander.

Tog was daar die ondermyner. Die afbrekende faktor. Dit wat jou negatief en NAFI maak. (NAFI staan vir "No Attitude, F-all Interest). Die teenoorgestelde van 'n brief van die huis af.

WAT WAS DIT?

Staaldak, *webbing* en geweer. Meer spesifiek die staaldak. 'n Staaldak is 'n halfronde metaalgewig wat deur middel van 'n soortgelyke plastiekdoppie op jou kop moet balanseer.

Die staaldak is so ontwerp dat dit wanneer jy hardloop of draf altyd in die verkeerde rigting beweeg. As jou kop opgaan, kom die staaldak af, en andersom. Die hele kontrepsie word met 'n skurwe seilband en draadhakies onder jou ken vasgemaak.

Die eintlike doel van die seilband is om jou te wurg as die staaldak na jou agterkop sou skuif. Sodoende kon die ondermyner jou duikklop van agter teen jou nek tot op die brug van jou neus.

Ek het gewoonlik as ons die *one and a half* moes hardloop een van die klein outjies (ek het self net meer as 70 kg geweeg) se R1 geleen, want dan hoef ek nie so skeef te draf nie.

'n R1 in elke hand balanseer 'n man beter en dan draf jy makliker, MAAR dan was ek weerloos teen die aanslae van "Die Ondermyner" omdat ek dan nie eintlik 'n los hand gehad het om die ding tydelik op die regte plek te kry nie.

Ek het al die jare gewonder wat die eintlike doel van die staaldak was. Ek weet dril leer mens saamwerk, dissipline, vasbyt en al daardie lekker dinge.

'n Staaldak? Ek dink 'n staaldak het my geleer om te haat!

Kammanuus brand om nog weermagstories te ontvang. As jy nie self betrokke was nie of nie kan skryf nie, kan jy vir ons stories stuur wat in jou besit is – verkieslik met die skrywer en die bron.

VINDINGRYKE SOLDAAT

'n Israelse soldaat wat pas aangesluit het vra sy bevelvoerder vir 'n drie dae pas.

Offisier: "Is jy simpel? Jy het 'n paar dae gelede aangesluit en jy wil al 'n pas hê? Jy sal iets buitengewoons moet doen om een te kry!"

Later die dag kom die soldaat met 'n Arabiese tenk daar aan.

Offisier: "Hoe het jy dit reggekry?"

Soldaat: "Wel, ek het in een van ons tenks gespring en na die Arabiese grens gery, en een van hulle tenks gesien. Ons het albei ons wit vlae gewaai. Toe vra ek vir die Arabier of hy graag 'n drie dae pas wil hê. Toe ruil ons tenks."

M&L



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan resepte #12

MAKLIKE AARTAPPELGEREG

8 groot aartappels geskil
6 gekapte spekrepe
1 groot ui gekap
15 ml botter
250 g gekapte sampioene
15 ml vars gekapte pietersielie
200 ml room / jogurt
3 eiergele
sout en peper, knippie rooipeper.

Kook aartappels, braai spek en uie en verwyder uit pan, braai dan sampioene tot gaar, voeg pietersielie en spek en uie weer bymekaar en meng.

Druk aartappels fyn, voeg room, botter, eiergele en geurmiddels by. Voer 'n gesmeerde oondbak met helfte van aartappelmengsel.

Skep spekmengsel binne in, en skep oorblywende aartappels bo-oor.

Bak 20 min by 220 °C.

Kaas bo-oor gerasper is opsioneel.

*Ek voeg ook gaar spinasie by die spekmengsel, en ek het al gaar maalvleis of gaar varkvleis gebruik, sowel as boeliebief. Saam met boeliebief gebruik ek pleks van spinasie gebakte bone in tamatiesous.

KERRIEVIS

1 groot vis geelbek (Kaapse salmvis)

3 of 4 uie

4-6 onse vet om in te bak

1 e borrie

1 e kerriepoeier

2 rissies, sout, peper

3 of 4 lourierblare

1.5 pt asyn (in verhouding tot die grootte van die vis). Maak die vis skoon en sny dit in netjiese mootjies.

Sprinkel sout en peper oor en laat dit oornag staan.

Sit dit in 'n trek om droog te word. Bak die vis in warm vet waaruit die rook trek. Sny die uie en rissies in skyfies, meng al die bestanddele, behalwe die vis, met die asyn.


Kook dit op, en laat die uie effens kook. Sit die vis in 'n fles en gooi die asyn oor.

Maak dit goed toe en dit sal oor twee dae gereed wees vir gebruik.

Dit hou taamlik lank.

Die volledige BEDANKINGSLYS sal na afloop van al die plasings verskyn.

NOG 'N DAG OP DIE KAAPSE VLAKTE



SKENKINGS VIR YADE OUETEHUISE

Lesers wat by Kammanuus/Onsdorp se aksie wil aansluit – eenmalige skenkings of maandelikse aftrekorders – kan dit so doen:

First National Bank	:	Stilfontein
Hennie Greeff	:	BOB Spaarrekening
Rekeningnommer	:	603 791 99926
Takkode	:	240538



AGTEROS

Net voor uitspantyd

Neem 'n blaaskansie in die wildtuin

"Jy eet nie net meer uit by die Spur nie, jy kuier nie net meer by vriende wat klein kindertjies het nie."

Deur JO VAN TONDER

"Is ons al daar?"
'n Vaak gesiggie loer onder die slaapsak op die agterste sitplek uit. Die Laeveld se winterson het nog nie kop uitgesteek toe hulle deur Numbi-hek ry nie. Die kleiner enetjie lê nog oopbekkie en met die armpies uitgestrek bokant sy kop, salig in droomland.

Sy klouter vorentoe tot op haar ma se skoot.

Skaars 500 meter van die kantore af, staan drie kameelperde rustig en vreet aan 'n knoppiesdoringboom.

"Aaag, kyk die ou kleintjie!"

Bruin kolle perfek oor die liggeel lyfie versprei, die stertjie kwispel terwyl hy skuimbek soek-soek na 'n speen tussen die agterbene. Die knoppe op sy kop pryk penregop, sagte hangwangetjies en groot sagte oë met fladderwimpers . . .

"Dis my gun...gun... ag, favouritste dier in die hele wêreld!"

"Gunsteling", help Pa reg.

"Daai woord, ja . . ."

Die slapende kaboutertjie begin ook nou roer.

Hulle het 'n kans gewaag met die kinders, een of ander tyd moet mens jousef weer begin toelaat om deel van die beskaafde wêreld om jou te word. Jy eet nie net meer uit by die Spur nie, jy kuier nie net meer by vriende wat klein kindertjies het nie, jy laat die kinders soms by Oupa en Ouma oorslaap, jy sit nie meer heeltyd in die moederskamer by die kerk nie, jy drink al weer uit glas-glase. En jy gaan wildtuin toe. Vir een dag.

"Boetie! Boetie! Kom kyk die arellande diere!"

Hy klouter ook op sy ma se skoot.

Die beste tyd om wild te kyk, is vroeg in die oggend. Die dagdiere kruip nou oral uit die slaapplekke uit. Nog 'n groepie kameelperde toring rustig bo die struik uit. Die lang gras is ylerig in die winter, 'n mens kan nogal 'n ent in die veld inkyk van die pad af. 'n Troppie bakoor koedoes staar rifrugtrots van agter die mopaniebosse na hulle.

Net die tikkende stertkwaste verraa dat hulle enige tyd geruisloos tussen die blare kan verdwyn. Kwaggas se trillende strepe laat mens van voor af wonder of die deurmekaar strepieskodes vir mooigeid of kamoeflering is.

'n Rooijakkals jag 'n grysduikertjie uit 'n droë lopies.

Die 49 kilometer tot by Skukuza voel nie soos twee ure nie. By die ingang sit 'n trop bobbejane en skoor soek met die karre.

Klaar gepiepie, haal hulle die piekniekmandjie agter uit en gaan sit by die relings wat uitkyk oor die breë Sabie-rivier. Nie in vloed nie, maar genoeg water dat die olifantreuse halflyf kan bad. Op die oorkantste wal wei 'n paar waterbokke tussen die riete. 'n Mens kan nog steeds sien tot waar die vloedwaters die vorige jaar alles platgevee het.

Die visarend skree. Lastige akkedissies skarrel oor die songebakte klippe om die kinders se krummels op te raap. Dit laat hulle jil en rondtrippel. In die groot maroelabome spring eekhorinkies van tak na tak. En as jy stip kyk, sien jy trosse vrugtevlermuise in die skadu's hang.

"Pappa, kyk daardie oom se groot maag!"

Toe hy opkyk, kyk hy vas in die groot man se woedende blitsers. Hulle sleep omtrent die kinders kar toe.

Al langs die rivier af ry hulle by al die inhamme in. Die diere is almal op pad water toe, of keer terug van die watergate af. Al is dit redelik bebos met doringrige struik, is die omgewing plat. Die grootste en mooiste bome in die Wildtuin groei langs die riviere.

Hulle sien weer koedoes, kameelperde, nog sebras en plate rooibokkies. En 'n boskorhaan. En 'n bruinslangarend wat hoog sweef met sy kenmerkende tweekleur vlerkpatroon. Die blouwildebeeste en die sebras wei graag saam.

Die vlakvarkies met hulle regop stertjies is boetie se *favouritste*.

"Kan jy dit glo? Hierdie pamflet sê hulle kan tot 55 kilometer per uur hardloop!"

Ma gebruik sommer die wildtuin se reisgids om bietjie koel te waai. Dit raak bedompig as 'n mens die enjin en die lugversorger afskakel.

Naby Onder-Sabie versper 'n trop olifante die pad. Die ou grote staan met flappende ore geplant in die middel van die pad. Die 'moeders' kloek beskermend om twee kleintjies, en hou hulle weggekram agter hulle groot stampers. Slurpe omhoog en ore al waaiend.

Dit kan dalk wees om af te koel, die sonnetjie bak heerlik. Toe die laaste spul uiteindelik uit die rivierbedding te voorskyn kom, beweeg hulle geruisloos tussen die rugtes van die Delagoadingbome en mopaniebosse in.

Pa beplan hoe lank hulle nog moet ry aan die 34 kilometer tot by Krokodilbrug. Ma merk op haar lysie af, en probeer Pa ompraat om nog net hierdie inham te vat na die watrgat toe en om nog net by daardie skuling stil te hou: sy wil nog seekoei-oortjies sien uitsteek, sy wil nog 'n witrenoster sien. Sy het nog nie 'n enkele buffel of 'n luiperd gesien nie.

Die luiperds kom veral langs die riviere voor, dis waar hulle jag. En wat van leeus? Hulle moet hier wees, die wild is volop.

Toe hulle wegdraai van die rivierpad af en die Gomondwanepad vat, staan 'n klomp viertrekvoertuie en karre met woonwaens die hele pad vol. Hierdie stoet staan.

Hy ry stadig nader ('n mens mag nie iets vir ander mense bederf nie) en beduie vraend na die naaste voertuig. Almal beduie opgewonde na die een kant toe. Hulle oë volg maar die rigting waarin al die kameras wys. Mense hang gewaagd by die vensters uit. 'n Jong man met telefontolense peul by 'n bakkie se dakvenster uit.

"Wat kyk almal, Pappa? Ek sien niks . . ."

"Sjuut nou!"

Toe gewaar Ma hulle: leeus!

Tussen die lang wintergeel soetgras lê vier jong wyfies. Warm-geel oë staar stil-stip. Deurdringend. Ronde ore gespits. 'n Entjie verder, in die koelte van die struik, 'n maanhaar verskans. Sy vel spring.

"Wat sien julle?"

"Sjuut nou!"

"Ek wil sien!"

"Sjuut!"

Toe gewaar Pa hulle: buffels!

Vandag is die dag . . .

Iewers uit die savanna begin die sonbesies tjierrrrr. 'n Troupand vlieg verby, stal sy veredos op 'n doringtak uit. 'n Rooibekbosluivretter vroetel op die voorste buffel se gepantserde kop. 'n Mens hoor hulle sag brom en proes. Ruik die son op die veld. Stof en mis en besembossies. Pa se hande begin sweet op die kamera. Ma skuif haar donkerbril stadig reg.

Buffelkalfies word gewoonlik deur die koeie weggesteek tot hulle 'n paar weke oud is. anders hou hulle nie by as die trop beweeg nie.

Die leeus het hulle oog op 'n ligbruinkalfie wat effe begin weg dwaal. Sonder horings lyk hy eerder na 'n lammetjie.

Net toe druk een of ander @#*&^%\$ sy toeter! Wat 'n anti-klimaks!

Dadelik verslap die leeus se aandag, die buffels drafstap geïrriteerd weg . . .

Toe Pa die kar wil aanskakel, sien hy met afgryse hoe Ma sy jongste kannetjie van die stuurwiel af lig en weer op haar skoot neerplak.

Miskien is die tyd nog nie reg nie . . .